## 17.2 AANVULLENDE RAPPORT 2 – TRUSTEES GKSA PREDIKANTE PENSIOENFONDS – ORDEREËLINGS VIR MEDIESE VERSORGING VAN PREDIKANTE EN EMERITI (PPF)

## 17.2 SUPPLEMENTARY REPORT 2 – TRUSTEES GKSA MINISTERS' PENSION FUND – ORDERING FOR MEDICAL CARE OF MINISTERS AND EMERITI (PPF)

| 1. Sake waarvan die Sinode kennis neem | 1. Matters that the Synod take note of |
|---|---|
| **ORDEREËLINGS VIR MEDIESE VERSORGING VAN PREDIKANTE EN EMERITI (PPF)** | **ORDERING FOR MEDICAL CARE OF MINISTERS AND EMERITI (PPF)** |
| **1. Doel**<br>Die doel is om orde op sake te stel sodat daar vir predikante behoorlike versorging (KO, art 11) by mediese kostes is en eervolle versorging vir emeriti (KO, art 13) of hul afhanklikes (KO, art 20) ten opsigte van mediese koste is. Die akkoord van gemeenskap sover dit mediese versorging betref, word dus deur hierdie Ordereëling georden en bepaal die wyse waarop kerke mekaar se hande vat. | **1. Objective**<br>The aim is to institute procedures that provide ministers with proper medical aid (CO, art 11) as well as to retired ministers (CO, art 13) or their dependents (CO, art 20) in terms of medical expenses. The accord of community in reference to medical care is set by this Ordering and determines the manner in which churches support each other. |
| **2. Lidmaatskap**<br>2.1 Kerkrade skakel vir predikante in aktiewe bediening in by die gesamentlike mediese versorging wat tans deur die Deputate vir Emeritaatsversorging gereël word. Vir die huidige word dit by 'n mediese skema gereël.<br>2.1.1 <u>Uitsonderings</u><br>2.1.1.1 Predikante in Namibië wat vanweë hulle diens in Namibië inskakel by die skema wat daar plaaslik gereël word.<br>2.1.1.2 Predikante in besondere diens, bv kapelane, professore, ens, skakel in by die mediese skema wat die betrokke "werkgewer" vir werkers reël, of predikante wat eers ander werk verrig het en vanweë die werk aan 'n skema kan behoort wat voordelig is, maar wat daarvoor toestemming van die Deputate moet verkry. | **2. Membership**<br>2.1 Church Councils incorporate minister in active service into the collective medical aid managed by the Deputies: Emeritus Care. At present it is managed through a medical aid scheme.<br>2.1.1 <u>Exceptions</u><br>2.1.1.1 Ministers in Namibia who join the local scheme because of their service there.<br>2.1.1.2 Ministers in special services such as chaplains, professors, etc join the medical scheme that the relevant "employer" arranges for employees or ministers who formerly worked in another field where they joined a scheme of great benefit, but will have to obtain permission from the Deputies. |
| **3. Voordele**<br>Die Deputate het 'n staande opdrag om voortdurend toe te sien dat die beste moontlike voordele vir die lede verkry word. | **3. Benefits**<br>The Deputies has the standing mandate to continuously ensure that the best possible benefits are obtained for members. |

| 4. **Ledegeld** | 4. **Membership Fees** |
|---|---|
| 4.1 *Ledegeld van predikante in aktiewe bediening*<br>Die ledegeld van predikante in aktiewe bediening word deur die Kerkrade aan die Administratiewe Buro betaal. Die Administratiewe Buro betaal in 'n enkele bedrag die ledegeld van die predikante en emeriti aan die mediese skema. | 4.1 *Membership fees of ministers in active service*<br>The membership fees of ministers in active service are paid by the Church Councils of the Administrative Bureau. The Administrative Bureau pays over the membership fees of the ministers and retirees in one collective amount to the medical aid scheme. |
| 4.2 *Ledegeld van emeriti* | 4.2 *Membership Fees of Emeriti* |
| 4.2.1 <u>Emeriti wat **net** uit die Pensioenfonds versorg word</u> | 4.2.1 <u>Emeriti who **only** receive care from the Pension Fund</u> |
| 4.2.1.1 Die ledegeld van die emeritus wat aan die groep behoort, word per debietorder van die emeritus verhaal en word deur die Administratiewe Buro aan die mediese skema oorbetaal. | 4.2.1.1 The membership fee of the emeritus belonging to the group is collected by debit order from the emeritus and paid over to the medical aid scheme by the Administrative Bureau. |
| 4.2.1.2 Die ledegeld van die emeritus wat nie aan die groep behoort nie, word deur die emeritus self aan sy mediese fonds betaal. | 4.2.1.2 The membership fee of the emeritus who is not part of the group is paid over to the medical aid scheme by himself. |
| 4.2.1.3 Predikante wat na 1 Julie 1997 in die bediening getree het ontvang by emeritering geen subsidie uit EVT-medies vir hulle mediese ledegeld nie. | 4.2.1.3 Ministers who entered the ministry after 1 July 1997 do not upon retiring receive a subsidy from EVT (medical) for their medical membership fees. |
| 4.2.2 In gevalle waar 'n diensdoenende predikant te sterwe kom, word die volle ledegeld deur die weduwee-pensioen/kinderpensioen aan die mediese skema betaal. | 4.2.2 Should a serving minister pass away, the widow's pension/children's pension pays over the full membership fee to the medical aid scheme. |
| 4.3 *Voorafbefondsing*<br>Mediese Voorafbefondsing (MVB) is 'n bedrag wat by die Pensioengewende Traktement (PGT) gevoeg is om by emeritering, dood en beroepsongeskiktheid voor emeritering, die enkelbedrag/inkomste uit die Fonds aan te vul sodat die predikant/emeritus/weduwee beter in staat is om die ledegeld van die mediese fonds te betaal. | 4.3 *Advanced Funding*<br>Advanced Medical Funding (AMF) is an amount added to the Pensionable salary supplement the single amount/income from the Fund upon retirement, death and employment disability prior to retirement that the minister/emeritus/ widow may be better able to pay the premium to the medical aid fund. |
| 4.3.1 Of 'n predikant nou lid is van 'n mediese skema al dan nie word hierdie befondsing op hierdie basis in die Pensioenfonds vir hom gedoen word. | 4.3.1 Funding can be arranged on this basis from the Pension Fund for a minister whether he is a member of a medical aid scheme or not. |

*Rapporteur:* Ds CA Jansen

*Reporter*: Rev CA Jansen